# 383. ONS KOM VIER U MAALTYD, VADER

**C           G         C           F  C**
1. Ons kom vier U maaltyd, Vader,
**F  C   F    C               G**
U sal ons oorvloedig  voed.
**C       G           F        D**
U versorg ons soos ‘n herder,
**G                        D        G**
U sal ons steeds trou behoed.
**C**
Ons sal, Yahweh, tot U nader;
**F       G           C   G    C**
U gee ons weer nuwe moed.

**C           G         C           F  C**
2. Lam van God, berei ter slagting,
**F     C     F    C                G**
voor U skeerders was U stom.
**C        G       F        D**
Deur U offer bring U redding,
**G                 D        G**
U het tot ons heil gekom.
**C**
By U, Yahweh, is vergewing;
**F          G     C  G  C**
lofsang vul U heiligdom.

**C       G           C       F  C**
3. U klee ons met bruilofsklere
**F   C   F    C               G**
vir die feesmaal van die Lam.
**C       G      F         D**
Tot U, allerhoogste Yahweh,
**G                 D        G**
rys gebede soos ‘n vlam.
**C**
Ons sing, Yahweh, duisend kere:
**F            G         C  G    C**
Prys die Leeu uit Juda’s stam!

**C           G      C        F  C**
4. Met ons harte vol verwagting
**F     C    F    C             G**
sal ons, Yahweh, U ontmoet.
**C          G          F     D**
Met ons lied sal ons U lofsing;
**G                       D        G**
ons sal met musiek U groet.
**C**
U kom maak by ons U woning,
**F       G             C   G    C**
Oral straal ons vreugdegloed.